View in browser

SAPPA

ISSUE 49 | 14 May 2026

---

## Inhoud/Contents


- Mei Oesskatting
- MZMC Article Highlights SAPPA's Hefei Visit
- SAPPA se Yield Predictor nou beskikbaar
- Chinese Market Update: Economic Trends and Pecan Demand
- Oestyd
- Nul-Tarief Toegang tot China Nou Operasioneel vir SA Uitvoerders
- Belangstelling in Snoei-opleiding? Laat weet SAPPA
- Van veeboer tot volwaardige pekanboer


---

# Mei Oesskatting

SAPPA se Mei oesskatting projekteer 'n nasionale oes van ongeveer **53 400 ton**, met 'n verwagte band tussen **50 700 ton en 56 000 ton**.

Produksietoestande in die meeste streke was oor die algemeen gunstig, en die bedryf bly op 'n stabiele groeipad. Histories word ongeveer 90% van die oes in-dop uitgevoer.

# MZMC Article Highlights SAPPA's Hefei Visit





SAPPA's recent visit to the 19th Nuts and Dried Fruit Food Exhibition and Sourcing Summit in Hefei, China, was featured in an article written by MZ Marketing Communications (MZMC).

The article highlights the growing momentum of South African pecans in the Chinese market, strong consumer demand, increasing production, and the importance of China as a key export destination for the South African pecan industry. It also reflects on the valuable engagement opportunities created during the visit and the future growth potential for "Pecans from South Africa."

**Read the full article HERE**

# SAPPA se *Yield Predictor* nou beskikbaar

SAPPA is baie opgewonde om ons nuwe aanlyn opbrengsvoorspeller aan produsente bekend te stel. Die model is ontwerp om produsente 'n vinnige en praktiese skatting van opbrengs per boom en per boord te gee op grond van veldmetings soos lootgetalle, neutgetalle, boomvorm en boomgrootte.




Ons nooi produsente uit om met die toep te speel, dit in verskillende boorde te toets en die funksies te verken. Die webtoep is beskikbaar in beide Afrikaans en Engels, en die taal kan maklik regs bo verander word. Ons moedig gebruikers ook sterk aan om die Help-afdeling regs bo oop te maak, waar stap-vir-stap verduidelikings beskikbaar is oor hoe om die toep en veldmetings korrek te gebruik.

Dit is belangrik om te noem dat die model nie noodwendig op hierdie stadium 100% akkuraat vir elke boord of kultivar gaan wees nie. Die huidige model is gebou op beskikbare data, en soos ons meer inligting van produsente ontvang, sal die model verder “leer” en verbeter word. Hoe meer data ons as bedryf kan insamel, hoe beter en meer akkuraat sal die voorspeller met tyd word.


Ons wil produsente daarom aanmoedig om hul Excel-uitvoere van die toep te stoor. Wanneer die boord later geoes word, vul asseblief die werklike opbrengste op dieselfde sigblad in en stuur dit aan SAPPA terug. Hierdie terugvoer sal ’n groot rol speel om die model te verfyn en uiteindelik waarde vir die hele bedryf te skep.

Alle data wat in die toep ingevoer word, bly heeltemal vertroulik. Geen data word op SAPPA se databasis gestoor nie. Die enigste manier waarop SAPPA toegang tot die data kan kry, is indien produsente self besluit om hul Excel-lêers of resultate met ons te deel.

Die skakel na die model kan gerus gekopieer en via WhatsApp of e-pos met ander produsente gedeel word:
SAPPA Yield Predictor

**SAPPA Yield Predictor**

# Chinese Market Update: Economic Trends and Pecan Demand




SAPPA recently received a China Market Update compiled by MZ Marketing Communications (MZMC), providing insight into current economic conditions, consumer trends, and developments within China's pecan industry.

The report highlights that although China's economy continued to grow during the first quarter of 2026, domestic consumer spending and confidence remain relatively cautious. Despite this, demand for pecans remains strong, with South African pecans continuing to play an important role in supplying the Chinese market.

The update also notes growing domestic pecan production in China and increasing focus on fresh and refrigerated nut products.

Overall, the report suggests that while economic conditions in China remain mixed, the long-term outlook and market potential for high-quality South African pecans remain positive.

**Read the Full Article HERE**

## Oestyd

Die afgelope twee weke het groot dele van Suid-Afrika se pekanneutproduksiegebiede goeie reën ontvang. Hoewel die reën baie welkom was in verskeie areas, beteken dit ook dat ons as industrie gedurende die oesproses ekstra aandag aan neut hantering en droogprosedures moet gee, om die uitstekende kwaliteit van Suid-Afrikaanse pekanneute te behou.

Indien neute val van bome word produsente aangemoedig om neute so spoedig moontlik van die nat grond af op te tel en om goeie praktyke rondom oes en hantering toe te pas.
Skoon en droë neute bly...

**Lees die volle Artikel HIER**

---

# Nul-Tarief Toegang tot China Nou Operasioneel vir SA Uitvoerders

Suid-Afrika se voorkeurtoegang tot die Chinese mark met 0%-doeaneregte word nou operasioneel geïmplementeer.

Hierdie voorkeurmarktoegangsraamwerk bied 'n belangrike strategiese geleentheid vir Suid-Afrika om uitvoermededingendheid te versterk, en marktoegang vir landbou-, industriële- en begunstigde produkte uit te brei. Dit ondersteun ook breër nasionale doelwitte, insluitend industriële ontwikkeling, werkskepping en uitvoergedrewe ekonomiese groei.

Vanaf 1 Mei 2026 tot 30 April 2028 sal kwalifiserende Suid-Afrikaanse uitvoere na China voordeel trek...

**Lees die volle Artikel HIER**

---

# Belangstelling in Snoei-opleiding? Laat weet SAPPA

SAPPA bied snoei-opleidingsdae vir produsente aan en wil graag hoor in watter areas daar belangstelling of behoefte hiervoor bestaan.

Indien jy of 'n groep produsente in jou area belangstel in snoei opleiding, stuur asseblief 'n e-pos aan hardus@sappa.za.org teen 7 Junie 2026.

Hierdie opleiding bied ’n goeie geleentheid om praktiese kennis en waardevolle wenke rondom snoei in pekanboorde te deel.

**Kliek HIER om 'n e-pos aan Hardus te stuur**

---

# Van veeboer tot volwaardige pekanboer!

Karabo Thabong, ’n grootveeboer uit die Vostershoop-distrik, het in 2025 ’n 94 ha-plaas in die Hartswater-gebied aangekoop wat deel vorm van die groter Vaalharts-besproeiingskema. Karabo neem deel aan die staat se blended finance-skema. Soos tipies van die gebied bestaan die 54 ha-pekanboord uit twee gedeeltes: 9 ha bestaan uit 20 jaar oue bome, wat voorheen die uithoeke van ’n spilpunt was, terwyl die ander 45 ha uit 9 jaar oue bome bestaan wat voorheen onder ’n spilpunt aangeplant is.

“Ek is baie dankbaar dat sakekollegas my aan pekans blootgestel het,” vertel Karabo. “Na deeglike huiswerk het ek besef dat pekanboerdery ’n baie goeie belegging kan wees en my kan help om die risiko’s van my huidige boerdery beter te versprei.”

Die 2025-oes het ’n produksie van 1,8 ton per hektaar gelewer, iets wat Karabo graag verder wil verbeter.

Karabo beskryf sy grootste bestuursles soos volg: “As ’n beesboer is mens gewoond aan klein winste en min geld in die bank, maar met pekans is dit anders. Jy ontvang ’n goeie inkomste uit pekanboerdery, maar jy moet nie in die opgewondenheid vasgevang word wanneer jy ná oestyd na die bankbalans kyk nie. Mens moet vooruit beplan vir die nuwe seisoen se uitgawes en weer in jou besigheid belê om dit vir die toekoms sterker en beter te maak.”



## SAPPA Greetings / SAPPA Groete


**SAPPA**

Berlyn Sentrum (PTY) LTD, 7646, Paarl



Unsubscribe